



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele rede, Nr. 86.

**DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE AS
BESONDERE TAALWETENSKAP**

H.G.W. du Plessis

Rede uitgespreek op Vrydag, 12 Junie 1981 by die
aanvaarding van die Professoraat in Afrikaans-Neder-
lands aan die Potchefstroomse Universiteit vir Chris-
telike Hoër Onderwys.

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
1981.

DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE AS BESONDERE TAALWETENSKAP

Rede uitgespreek op Vrydag, 12 Junie 1981 by die aanvaarding van die Professoraat in Afrikaans-Nederlands aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys deur H.G.W. du Plessis.

Geagte Meneer die Vise-Kanselier,
Geagte Meneer die Voorsitter en lede van die Raad,
Geagte Meneer die Registrateur,
Geagte Meneer die Vise-Rektore,
Geagte Meneer die Dekaan,
Geagte Dames en Here Kollegas,
Geagte Dames en Here,

My voorganger, prof. Hertzog Venter, het in sy rede by die aanvaarding van hierdie pos in 1961 daarop gewys dat taal o.a. dié funksie het “dat dit die *middel* is waarmee die mens uitvoering gee aan die skeppingseën en die algemene kultuuropdrag wat deur God in die paradys aan hom gegee is, *mid-del* dan waarmee die mens die skepping *beheers*” (1961.3).

Sowel prof. Venter as sý voorganger, prof. F.J. Labuschagne, het “veel meer as net ‘n vreemde en ver vermoede’ gehad van die taal as beheersings-middel”.

Hierdie funksionele beskouing van taal van my geërde voorgangers bly vir my steeds van pas, en sal dan ook as ‘n uitgangspunt bly dien. Vooruitgang veronderstel egter meer as blote voortgang, en die eise van die wetenskap móét twintig jaar na die vorige rede anders wees. Voortgang sonder enige verdere wydte sou ‘n miskenning wees van die vordering wat my voorgangers gemaak het; die ontkenning van nuwe ruimtes sou neerkom op ‘n miskenning van die vordering van die Taalkunde as wetenskap en vir my om die reeds goedgesêde oor te sê, sou onoorspronklike napratery wees, want selfs die christelike beoefening van die wetenskap vereis die eerlike ondersoek van al die feite en die objektiewe waarneem van hierdie feite. Objektiviteit mag in hierdie sin egter nie neutraliteit beteken nie, sê Stoker (1929.74): “Neutrale wetenskap kan nie bestaan nie.”

Die lanseerbasis vir my betoog vanaand bly daarom die beoefening van die Afrikaanse Taalwetenskap as besondere wetenskap in die lig van die Heilige

Skrif, met hierby die insiggewende waarskuwing van prof. Duvenhage (1971. 97), nl. dat as ons van christelike wetenskap praat, "mag ons wetenskap nie tot godsdiens in die enger sin verander nie". 'n Betoog soos hierdie moet daarom getuig van die christelike wetenskapsbeoefening van die ondersoeker sonder dat dit 'n wetenskaplike beoefening van die christelikheid word.

1. DIE BESONDERE TAALWETENSKAP

Die onderskeid tussen die Algemene en die Besondere Taalwetenskap word só deur E.B. van Wyk aangetoon: "Die fundamentele verskil tussen die ATW en die BTW is die universum waarbinne hulle hulle uitsprake maak. Die proposisies van die ATW het nl. betrekking op die taalverskynsel as sodanig en geld dus vir alle tale, terwyl dié van die BTW op 'n enkele taal of 'n groep van toepassing is." (Van Wyk, 1970.6.)

Dit is 'n siening wat ook gedeel word deur 'n toonaangewende taalkundige soos Noam Chomsky (1972.2) wat daarop wys dat "any particular grammar conforms to the principles of UG, but is further articulated; it presents as well accidental facts that distinguish the particular language in question".

Die grense van die Besondere Taalwetenskap is trekbaar as 'n mens aanvaar wat Chomsky (1965.3) reeds in 1965 sê en wat R.P. Botha (1978.38) steeds in 1978 as uitgangspunt aanvaar, nl. dat grammatikale ondersoek as objek, nie die taalbeheersing van 'n gewone vlot spreker het nie, maar wél dié van 'n ideale spreker. Selfs al sou 'n taalwetenskaplike Chomsky (1977. 3) sê meer resente onderskeid tussen grammatiese en pragmatiese taalvermoë aanvaar, bly die studie van die BTW binne die raamwerk van 'n Generatiewe Grammatika steeds 'n studie van taalvermoë, en veronderstel BTW weinig meer as die gebruik van 'n stel begrippe en beginsels wat deur die algemene taalteorie gestel word om "taalkundig beduidende veralgemenings oor afsonderlike tale (te) kan uitdruk" (vgl. Sinclair, 1978.1).

Dit is dié doel van hierdie rede om te probeer aantoon dat die streng opvatting van die Afrikaanse Taalkunde binne die Taalkunde-afdeling van 'n Departement Afrikaanse-Nederlands aan 'n Afrikaanstalige universiteit as nêr BTW, 'n verarmende beperking plaas op die onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens van hierdie vakwetenskap, want die gebruik van taal sluit kognitiewe sisteme in; sisteme ver verby die grammatiese en pragmatiese taalvermoë. Die teorie van taalgebruik moet bv. poog om 'n model te ontwikkel

wat grammatika én ander kognitiewe sisteme insluit, tesame met 'n opgaaf van die fisiese en sosiale voorwaardes van taalgebruik wat geïgnoreer word in die volkome abstraksie van die grammatika.

P.A. Verburg (1971) wys daarop dat taalteoretici, soos De Saussure en Bloomfield, en selfs Chomsky daarná, die taalkonsep in psigologiese terme wil saamvat. 'n Mens moet natuurlik hier byvoeg dat dit binne die Chomskyaanse raamwerk meer in matematiese terme saamgevat word. Taal word in ieder geval in 'n mindere of meerdere mate vir hierdie linguïste 'n menslose sisteemdogma (Verburg, 1971.263). Taal, sê Verburg, is egter 'n tipies menslike fakulteit en daarom moet die rol van die Persoon in 'n taalmodel hoog aangeslaan word. 'n Mens sou uit Verburg verkeerdlik kon aflei dat Chomsky taal nie as 'n tipiese menslike fakulteit sien nie, maar Chomsky betrek hierdie aspek eenvoudig net nie binne die grense van sy teorie nie, sonder om die feit as sodanig te ontken.

In navolging van Verburg (1971.271) kan die taaldaad dan as persoonlike wilsdaad beskou word en as sodanig word 'n taalteorie verwerp wat taal karakteriseer as 'n sisteem van tekens, waar ook 'n netwerk van verhoudings onder sisteem verstaan word. Om so 'n werping soos dié van Verburg sonder meer te aanvaar, lyk vir my egter ook te sterk, aangesien dit binne 'n taalteorie soos die TGG eksplisiet gaan om 'n bepaalde abstraksie van 'n aspek van 'n menslike aktiwiteit. Dit is egter teen die versnippering van die taalgeheel dat Verburg dit het, want die TGG in enger sin isoleer die eintlike taalfeite van die spreker eensyds en van die tema (soos wat Verburg tema omskryf) andersyds en hierdie geïsoleerde deel word dan as sintaktiese beskrywings- en verklaringsobjek geponeer. In hierdie lig kan daar beweer word dat Chomsky inderdaad nie kennis neem van taal as integrerende deel van die meerfunksionalistiese van die taalfeite nie.

Hierop sou Chomsky (1979.64) natuurlik kon antwoord dat "the scope of attainable knowledge is linked in a fundamental way with its limits", want hy (1979.73) is meer begaan oor 'n diepte van insig en verklarende krag as wat hy daarna streef om "al die feite" in te sluit. Nogtans aanvaar Chomsky (1979.70) dat enige ernstige sosiale wetenskap of teorie van sosiale verandering gefundeer moet wees op een of ander konsep van die menslike natuur, en taal is vir Chomsky (1979.77) deel van die menslike natuur.

Verburg se beskouing, veral dié dat dit in taal gaan om duidelike segging, of

dan dat “een spreker duidelijk...zeggen wat hij bedoelt” (Verburg, 1971. 265), is duidelik, binne die taalwetenskap gesproke, ’n funksionele benadering; ’n benadering wat seker die hardste stry teen die onafhanklikheid van die grammatika. Hierteenoor is kommunikasie vir Chomsky (1979.88) egter maar één van die funksies van taal naas ander funksies bv. die skep van verhoudinge; om denke mee uit te druk en te verklaar; om te speel, e.s.m., maar vir hom is die werklike vraag: Hoe werk die organisme en wat is die kenstruktuur en die fisiese struktuur daarvan?

Teen die agtergrond van dit wat tot dusver gesê is, lei die eng opvatting van BTW binne ’n streng Chomskyaanse opvatting tot ’n skeiding van analisevlakke, en dit is die slaafse navolging van so ’n opvatting op teoretiese grondslag, sonder ’n direkte empiriese basis wat m.i. lei tot ’n verarmde beoefening van die Afrikaanse Taalkunde.

Vir my gevoel is Afrikaanse Taalkunde méér as BTW; dit is meer as grammatika. Ek is bly daarvan te oortuig dat die abstrakte grammatika, soos wat dit binne ’n generatiewe model gedefinieer word, onweglaatbare vakdeel moet bly, omdat dit tog bepaalde soort probleme rondom die funksionering van die sisteem kan oplos, maar die Afrikaanse Taalkunde as univerteitsvak is vir my meer as dit.

Die verskyning van twee belangrike werke in en oor Afrikaans beklemtoon dat die Afrikaanse Taalkunde as vak uit die halter van teoretiese modelgrense moet kom. Die werke waarna ek verwys, is dié van F.A. Ponelis (1979), *Afrikaanse sintaksis*, en die taalsosiologiese *Tuiste in eie taal* van J.C. Steyn (1980). Die Ponelis-werk loop wyer as ’n modelgebonde *competence*-analise en die boek van Steyn is ver verby ’n grammatikale abstraksie.

2. DIE ONDERRIG VAN AFRIKAANS

In die lig van wat nou gesê is, moet die doelstelling met die onderrig van Taalkunde soos Van Rensburg (1973.1) dit in 1973 stel, nie te eng opgevat word nie. Hy meen dat “studente nl. vertrouwd moet word met ’n apparaat waardeur hulle sinvol,..., oor hulle moedertaal gedagtes (kan) wissel”.

In dieselfde jaar sê F.F. Odendaal (1973.26) dat “leer spel en skryf, e.d.” nie op universitêre vlak tuishoort nie, hoewel hy (1973.20) die belangrik-

heid daarvan beklemtoon dat die leerplan vir die Afrikaanse Taalkunde die hele gebied moet dek en dat 'n graad met Afrikaanse-Nederlands as hoofvak inderdaad moet veronderstel dat die student met so 'n graad Afrikaans ten minste korrek kan gebruik.

Hierin lê een van die gronduitgangspunte in my betoog: aandag aan alle afdelings van die vak. Ek het vroeër probeer sê dat "alle afdelings" nie noodwendig aantoonbaar is nie, aangesien die aard van die taalbeskouing die omvang van afdelings bepaal, want taal is as term wyd; taal is meer as logika en betekenis is meer as waar of vals. Taal mors volgens Bolinger (1975:161) nooit sy hulpbronne nie: "every difference makes a difference"!

Of 'n sin, soos

'n intreerede verveel die luisteraars

geparafraseer word deur:

die luisteraars word verveel deur 'n intreerede

en of daar slegs 'n reëlverband tussen die sinspaar bestaan, is immers nie al wat ter sprake kan kom nie. Afgesien van die formele grammatiese gegewens is dit tog ook belangrik om jou as taalondersoeker af te vra wie dit wanneer en waarom sê, en les bes, of ons dit nou wil weet of nie, hoe spel 'n mens dit!

Hier word dus met die laaste opmerking ook normatiewe aspekte betrek en dit hoef nie 'n standaardverlaging in te lui nie, want "die normatiewe," sê Meyer de Villiers (1977:1), "is ook wetenskaplik van belang. Dit is dwaas om dit slegs in sy minderbevredigende aspekte as skoolse en amateuragtige reëls en verklarings te sien. Veel eerder moet die wetenskaplike taalkundige dit veredel tot deel van sy studieveld."

So 'n opvatting weerspreek natuurlik die opvatting dat "taalvermoë 'n saak vir die linguïstiek is en taalgebruik die sielkunde se bekommernis is; dit staan reëlreg teenoor 'n opvatting soos dié wat deur Oosthuizen (1972:57) gestel word, nl. dat daar geen "korrelasie is tussen die onderrig en/of beoefening van taalwetenskap aan die een kant en taalgebruiksvaardigheid aan die ander kant" nie.

Hiermee word daar nie van die TGG 'n pedagogiese model gemaak nie, in-teendeel: 'n spesifieke teoretiese model kry hiermee juis nie die enigste sitplek op die verhoog nie.

Die bestaansreg van 'n taalgebruiksbenadering, sonder om die taalvermoë-analise weg te wens, kry ondersteuning as daar, wat die opvoedkunde 'n situasie-analise noem, gemaak word.

Dit situasie waarbinne ek hierdie professoraat aanvaar, los reeds veel probleme op: dit is 'n professoraat aan 'n eentalige Afrikaanse universiteit waar die onderrigontvangers Afrikaanssprekend is. In hierdie opsig het ons dus met 'n homogene moedertaalsprekende studentegroep te make. Dit mag vir u na 'n onnodige stelling klink maar daar word gewoonlik gerieflik vergeet dat dit juis hierdie feit is wat Afrikaans as taalvak van al die ander taalvakke aan 'n Afrikaanse universiteit onderskei. Hierdie onderskeidende feit veroorsaak dat die werksbeginsels van die Afrikaanse Taalkunde wesenlik verskil van dié van enige ander taalvak aan dieselfde universiteit.

'n Bantoetaalkundige maak bv. volgens W.J. Kruger (1976.61) met drie tipes studente kennis, nl.: "dié wat geen kennis van 'n Bantoetaal het nie, dié wat opleiding tot op matriekvlak het en dié wat geen akademiese opleiding gehad het nie, maar wat redelik tot uitstekend taalvaardig is". Volgens Kruger kan hierdie drie verskillende moontlikhede selfs binne 'n enkele vak 'n wetenskaplike se lanseertegnieke beïnvloed. Om prof. M.C. J. van Rensburg (1973.1) ook in hierdie verband aan te haal: "Die eise wat aan die onderrig van taalkunde aan moedertaalstudente op universiteitsvlak gestel word, en dit wat aan studente gestel word wat 'n taal anders as die moedertaal bestudeer, verskil natuurlik hemelsbreed van mekaar." Dit wil vir my voorkom of net hierdie feit alleen al 'n onderskeid maak tussen Afrikaans en ander taalvakke. Verder is dit ook so dat taalwerwing in die geval van Afrikaans reeds ten volle plaasgevind het en dus aan die Afrikaanse Taalkunde (en by implikasie ook aan die Afrikaanse Letterkunde) 'n unieke plek toeken tussen ander taalvakke aan 'n eentalige Afrikaanse universiteit. Hierdie feite móét in die fisiese organisasie van die universiteit en die departement ten volle verreken word.

'n Verdere situasiefaktor waarmee die Afrikaanse Taalkunde as universiteitsvak rekening moet hou, is die sg. renonsfaktor; 'n renons wat ook op

skoolvak deur bv. 'n liggaam soos die Komitee vir Onderwys hoofde erken word. Die Komitee (vgl. Marais, 1980:25) beweer dat daar bewyse bestaan "dat leerlinge van hulle moedertaal vervreem word omdat die onder- rig, in navolging van die eksamen, in 'n toenemende mate toegespits word op taalwetenskaplike insig in 'n stadium wanneer die vaardige, keurige en soepele gebruik van die taal in sy verskillende openbaringsvorme die hoofdoelstellings moet wees." Daar is na my oordeel weinig sprake, en daar was ook nooit veel sprake van taalwetenskaplike insig op skoolvlak nie, maar die oorsaak van die afkeer van Taalkunde is kwalik ter sprake. Die feit is dat daar 'n renons bestaan en sonder om dié feit oor te beklemtoon (want 'n vak soos Algebra sou dieselfde kon sê as dit verpligte vak was) moet daarmee rekening gehou word by die bepaling van 'n vakgebeleid.

'n Derde situasiefaktor waarmee die Afrikaanse Taalkunde moet rekening hou, is die beroepsdoel van sy studente. Daar word al groter druk op universiteite uitgeoefen om kursusse in hoër mate te professionaliseer. Dit kan vir die Afrikaanse Taalkunde 'n meer praktykgerigte inhoud beteken; 'n sterker klem op die onderrig van gebruiksafrikaans.

Syfers van studente in die Departement Afrikaanse-Nederlands aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys toon dat die kursusse wat deur dié departement aangebied word hoofsaaklik onderwysgerig moet wees, want 81,315% van alle voorgraadse studente in Afrikaans-Nederlands berei hulleself voor vir die onderwysberoep, 8,65% is op pad na die joernalistiek en ongeveer 10% studente het aangedui dat hulle hulle op ander beroepe voorberei. 90% van die huidige Honneursstudente in die Afrikaanse Taalkunde berei hulle op die onderwys voor. Selfs in die kursus Afrikaans het 28 uit die 54 studente wat by die ondersoek betrek is, aangedui dat hulle onderwysers wil word. Uit alle studente wat op een of ander vlak ingeskryf is by die Departement Afrikaanse-Nederlands aan die PU vir CHO is 80,79% besig om hulle voor te berei op die onderwysberoep.

Binne hierdie situasie kan die Afrikaanse Taalkunde mos nie maar net 'n kursus in BTW wees nie, en in die lig van die ontwikkeling van die Algemene Taalwetenskap aan die ander kant is "die geseënde tyd verby toe die professor sy eie lieflingsterrein (of -boek) kon doseer en dan dink dat hy sy plig gedoen het" (Odendaal, 1973:19). Die Afrikaanse Taalkunde moet dus as universiteitsvak met twee ore luister: ' oor vir die praktyk en 'n

oor vir die wetenskap.

Te veel klem op die eise van die nie-universitêre sektor maak egter van die Afrikaanse Taalkunde 'n nie-wetenskap en dus 'n irrelevante universiteitsvak en ontken die bestaansreg van die universiteit as universitas magistrorum et scholarium. Te veel klem op die taalteoretiese maak van die Afrikaanse Taalkunde 'n kursus in ATW en by implikasie 'n irrelevante vak aan 'n universiteit soos ons s'n waar daar wel 'n outonome departement vir die ATW bestaan. Dit is dus 'n balans waarna gesoek moet word, sonder om die standaard van die wetenskap te verlaag.

In die lig hiervan moet die doelstelling met die onderrig van Afrikaans tweeledig van aard wees; dit moet die sinvolle balans kan vind tussen die eise van wetenskaplikheid en dié van geprofessionaliseerde onderrig. Die doelstelling kan geformuleer word as die ontwikkeling van die student se vermoë om wetenskaplik sinvol oor die diachroniese en sinchroniese struktuur en struktuuromstandighede (talig sowel as buitetalig) gedagtes te wissel en in die tweede plek die afronding en verfyning van die student se reedsverworwe taalvermoë. Uit die aard van die ontwikkeling van die student se vermoë tot wetenskaplikheid moet die klem toenemend verskuif na die meer abstrakte hoe verder die student met sy studie vorder.

Daar word m.a.w. in die onderrig van die Afrikaanse Taalkunde vir ten minste drie onderskeibare onderafdelings voorsiening gemaak, nl. Sinchroniese Afrikaans, die Diachronie van Afrikaans en Praktykafrikaans. Dit behoort ook duidelik te wees dat die Afrikaanse Taalkunde in die onderrig en beoefening van sy wetenskap die ondersteuning en samewerking van verskeie ander vakdissiplines onontbeerlik sal vind, veral in die lig van die studie van die buitetalige struktuuromstandighede.

Meneer Die Rektor, u het reeds by verskeie geleenthede gewys op die driedelige aard van die taak van die christelike universiteit. U onderskei tussen 'n onderrig-, 'n gemeenskapsdiens- en 'n navorsingstaak. Die sukses van hierdie drieëenheid lê, as ek u korrek verstaan, in die sinvolle geïntegreerdheid van hierdie drie. So 'n integrasie moet m.i. deursny tot op die heel laagste vlak van die universiteitsopset, en daarom sal die taak van selfs 'n deeldepartement eers suksesvol uitgevoer kan word as hierdie drieëenheid op dié vlak eenheid word. By die onderrig as sodanig is reeds stilgestaan en die dienstaak was by implikasie ook ter sprake. Navorsing kan nooit oorbe-

klemtoon word nie, aangesien die kennis en insig van die onderriggewer in alle gevalle van die onderrigsituasie meer moet wees as dit wat aan die onderrigontvanger oorgedra moet word. Onderrig sonder navorsingsondersteuning is blote oordrag en oordrag is nie onderrig nie.

3. NAVORSING

Die relatiewe beskikbaarheid van navorsingsdata binne die Afrikaanse Taalkunde maak van navorsing op hierdie gebied 'n integrerende deel van die onderrig, selfs op voorgraadse vlak, maar dit lê tegelykertyd ook 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die Afrikaanstaalkundige.

Navorsing het ten minste twee onontbeerlike onderafdelings, nl. dataverzameling en dataverwerking. Ook wat die navorsing betref, moet die onderverdeling in verskeie spesialiteitsrigtings van die Taalkunde behoue bly. Omdat daar nie die tyd voor is nie en omdat ek my nie as spesialis op alle gebiede sou wou voordoene nie, word daar in hierdie rede slegs na enkele aspekte van navorsing verwys, sonder om daarmee die belangrikheid van ander afdelings te ontken. Wat die navorsing van sinchroniese Afrikaanse betref, lê die veld reeds so wyd dat dit selfs nie deur een mens alles betrek kan word nie.

Die versameling van hedendaagse gebruiksafrikaans as voorbeelde van sinchroniese Afrikaans lyk vir my na 'n dringende noodsaaklikheid. Noodsaaklik nie net vir hedendaagse ondersoek nie, maar die vaslegging daarvan ook met die oog op veel latere diachroniese ondersoek. Baie van die leemtes in die Afrikaanse diachronie lê hoofsaaklik opgesluit in die gebrek aan beskikbare voorbeelde van gebruiksafrikaans uit vroeëre tye, want die voorbeelde tot die diachronikus se beskikking is in die meeste gevalle voorbeelde van geskrewe, meer formele, Afrikaans.

Die tegniese middele tot die moderne taalkundige se beskikking, is van onskatbare nuttigheid. Die opname en behoud van voorbeelde van bv. Griekwa-Afrikaans, Johannesburgse Afrikaans of watter vorm van Afrikaans ook al is noodsaaklik, selfs dringend omdat hierdie vorme aan die verbygaan is. Nie net 'n Departement Afrikaans nie, maar ook 'n Afrikaanse Universiteit het in hierdie opsig 'n belangrike navorsingstaak. As daar regverdiging bestaan, en ek betwyfel dit nie, vir 'n Instituut vir Eietydse Geskiedenis, is 'n Instituut vir Eietydse Afrikaans geensins vergesog nie en 'n universi-

teit soos die Potchefstroomse Universiteit kan in hierdie verband 'n leidende en koördinerende rol speel en verseker wees van die samewerking van 'n instansie soos die RGN en verskeie ander universiteite.

Taalnavorsing sluit egter meer in as dié soort praktiese veldwerk; meer selfs as die sosiolinguistiese verwerking van sulke data. Dit is ook meer as die taalsosiologie soos dié van J.C. Steyn. R.P. Botha (1978.24) beweer bv. dat 'n generatiewe ondersoek die volgende rigtinggewende doelstelling het: "die soek na kennis in terme waarvan taalkundige probleme opgelos kan word". Dit kom daarop neer dat die moedertaalkundige in elk geval wyer as die BTW moet ken; hy moet in sy navorsing ook kennis neem van die verklarende beginsels van die UG wat die klas van moontlike grammatikas bepaal en karakteriseer.

Binne watter teoretiese raamwerk navorsing gedoen word en data verwerk word, is skaars nou ter sake. Die punt is: geen wetenskaplike kan 'n teorie aanhang of verwerp; loof of kritiseer sonder 'n grondige kennis van die bepaalde teorie nie. Kennis van 'n model impliseer nie modelgebondenheid nie, terwyl 'n gebrek aan kennis inderdaad modelarmoede impliseer.

Waar die teoretiese raamwerk waarbinne navorsing gedoen word, slegs indirek die wyse van dataversameling beïnvloed, is die verwerking van versamelde data meer raamwerkgerig. Dit hoef nie 'n lewenslange egverbintenisse tussen ondersoeker en model te beteken nie, want selfs die eklektiese modelgebruik van Ponelis in *Afrikaanse sintaksis* getuig van 'n grondige modelkennis.

Wanneer Sinclair (1978.1) dan beweer dat 'n algemene teorie "'n stel begrippe en beginsels beskikbaar (moet) stel met behulp waarvan grammatikas taalkundig beduidende veralgemenings oor tale kan uitdruk", dan is dit ook verder noodsaaklik dat die besonderetaalwetenskaplike nie net hierdie veralgemenings kan volg nie, maar "dit hou ook in om in staat te wees om self dergelike betoë te kan opbou vir of teen taalwetenskaplike hipoteses" (vgl. Botha, 1978.21).

Nie net die Afrikaanstalwetenskaplike nie, maar enige besonderetaalwetenskaplike het dus 'n dubbele verpligting: afgesien van die besondere is hy ook na die algemeen teoretiese kant 'n uitdagende taak. Vanuit die besondere moet die moedertaalkundige ook kan deelneem aan die gesprekke

rondom algemeen teoretiese vraagstukke.

As illustrerende voorbeeld kan die besondere-taalwetenskaplike ook vanuit sy besondere studie die streng skeiding van analisevlakke van die TGG (waaroor daar in die Inleiding iets gesê is) bevraagteken. Hy hoef mos nie noodwendig saam te stem met Chomsky se siening van 'n outonomie van die sintaksis nie, selfs soos wat Chomsky (1977:38) dit binne die HUST postuleer, nl. dat "...grammatical concepts (must) be defined in terms that are formed and specific independent of vague semantic notions".

'n Grammatikale Afrikaanse sin, soos

hierdie nuwe motor eet darem die lang pad Suidwes toe

dui bv. tog daarop dat die verskynsel van seleksiebeperkings semanties, selfs kultureel, beheer kan word.

In 'n sin, soos

die studente kom by die lesinglokaal uit en die slim studente glimlag breed

is *studente* in die konjunksie slegs koreferensieel as *slim* in die tweede lid van die konjunksie nie 'n beperkende adjektief is nie. Sonder om op die besonderhede daarvan in te gaan, is dit nogtans duidelik dat die besondere-taalwetenskaplike (Afrikaanstaalkundige in dié geval) saam met Gross (1979:77) kan beweer dat voorgaande voorbeeld nie aantoon dat die semantiese bron vir koreferensie geleë is in die modifiseerder van die naamwoord *studente* nie.

Sonder om té tegnies te raak: nòg die veld van die sintaksis nòg dié van die semantiek is maklik vasstelbaar, maar Afrikaanse voorbeelde dui tog daarop dat 'n mens, soos De Klerk (1978:ix) opmerk: nie "verlief hoef te neem met die vindingryke pogings om die Semantiek uit die Taalkunde uit te definieer" nie, al was die geskiedenis van die semantiek 'n geskiedenis van uitstel.

Kortom: die navorsingsmoontlikhede binne die Taalkunde is legio; dié

binne die Afrikaanse Taalkunde onbeperk.

SLOT

Opsommend kom die betoog hierop neer: die Afrikaanse Afrikaans-taalkundige het 'n las op sy skouers swaarder as die blote studie van die BTW; die christentaalkundige 'n hoër verantwoordelikheid as die menslose feite. Die Afrikaanse Taalkunde is 'n uitdaging!

Alfabetiese lys van aangehaalde publikasies

- BOTHA, R.P. 1978. Generatiewe taalondersoek. Kaapstad: HAUM.
- BOLINGER, D. 1975. Aspects of language. New York: Harcourt.
- CHOMSKY, N. 1965. Aspects of the theory of syntax. Cambridge: MIT.
- CHOMSKY, N. 1972. Language and mind. New York: Harcourt.
- CHOMSKY, N. 1977. Essays on form and interpretation. New York: North Holland.
- CHOMSKY, N. 1979. Language and responsibility. Sussex: The Harvester Press.
- DE KLERK, W.J. 1978. Inleiding tot die Semantiek. Durban: Butterworths.
- DE VILLIERS, M. 1977. Dië plek van die normatiewe in die taalkunde. *Taalfasette*, 22(3): 1 - 9.
- DUVENHAGE, B. 1971. Christelike wetenskap. (*In Truth and reality: philosophical perspectives on reality. Dedicated to professor dr. H.G. Stoker. Braamfontein: De Jong. p. 95 - 108.*)
- GROSS, M. 1979. On the failure of generative grammar. *Language*, 55(4): 859 - 885, Dec.
- KRUGER, W.J. 1976. Die Bantoetaalkunde as Besondere Taalwetenskap binne die raam van die Algemene Taalwetenskap. *Taalfasette*, 20(2): 61 - 72.
- MARAIS, G.F. 1980. Gedagtes oor die onderrig van Afrikaans. *Klasgids*, 15.
- ODENDAL, F.F. 1973. Inhoud van die Taalkundeleerplan in 'n Departement Afrikaans-Nederlands.
- Symposium oor die onderrig van die taalkunde in 'n Departement Afrikaans-Nederlands. Johannesburg: RAU.*